# Die stem van Suid-Afrika

*tekst: Cornelis Jacob Langenhoven (1873 - 1932)*
*muziek: Marthinus Lourens de Villiers (1885 - 1977)*




2. In die merg van ons gebeente, in ons hart en siel en gees,
in ons roem op ons verlede, in ons hoop op wat sal wees,
in ons wil en werk en wandel, van ons wieg tot aan ons graf
deel geen ander land ons liefde, trek geen ander trou ons af.
Vaderland, ons sal die adel van jou naam met ere dra:
waar en trou as Afrikaners, kinders van Suid-Afrika.

3. In die songloed van ons somer, in ons winternag se kou,
in die lente van ons liefde, in die lanfer van ons rou,
by die klink van huw'liksklokkies, by die kluitklap op die kis
streel jou stem ons nooit verniet nie, weet jy waar jou kinders is.
Op jou roep se ons nooit nee nie, se ons altyd, altyd ja:
om te lewe, om te sterwe, ja, ons kom Suid-Afrika.

4. Op U Almag vas vertrouend het ons vadere gebou:
skenk ook ons die krag, o Here, om te handhaaf en te hou
dat die erwe van ons vad're vir ons kinders erwe bly:
knegte van die Allerhoogste, teen die hele wereld vry.
Soos ons vadere vertrou het, leer ook ons vertrou, o Heer:
met ons land en met ons nasie sal dit wel wees, God regeer.

*Copyright © Algemeen Nederlands Zangverbond vzw, Collegelaan 106, 2100 Antwerpen - www.anz.be - Gedigitaliseerd dankzij het Peterschap van Dhr. Erlend Malfait*